

Habari

Jambo Sana

Nuusbrief van die Oos-Afrika-Vriendekomitee
Newsletter of the Friends of East Africa

Oktober 1983 October

No 11

EDITORIAL

1 OCTOBER 1983.

The above date has not been declared a national holiday - yet. In the meantime you are all welcome to celebrate it as such. The only standard traditions involved with this holiday are the venue, which is the Fountains Valley in Pretoria, and the weather, which is always fine. So bring along your friends, relatives, acquaintances, your picnic basket and your memories of East Africa and spend a pleasant day sharing the past and the present with each other.

SEE YOU THERE.

KOMITEELEDE.

1. Dr. H.J.C. Pieterse (Voorsitter)
Posbus 123 DOUGLAS 8730
2. A.G. Boxhoff (Hoofsekretaris)
Posbus 40546 ARCADIA 007
3. D.M. Steyn (Sekretaris)
Settlers Agricultural High School, Poskantoor SETTLERS 0430
4. M.J.C. Fourie
Woonstel 1704 Schubart Park Vermeulenstraat Pretoria 0002
5. Ds. P. Grobler
Dorisstraat 363 KLOOFSIG 0140
6. Prof. P.G. Nel
Posbus 11454 BROOKLYN 0011
7. Mev. J. Louw
Lynnwoodweg 47 BROOKLYN 0181
8. Ds A. Driescher
Aandblomweg 69 Edleen KEMPTONPARK 1620
9. F.J.Z. Booysen
Itermagolaan 13 MONUMENTPARK 0181
10. G. von Lansberg
Reynkestraat 26 BETHLEHEM 9700
11. Dr W. du T. Malan
Eureke Vrede 2455

Piet en Betsie Grobler land toe in Kenia op 23 Januarie 1962 - pasgetroud, georden, en lus vir die eerste gemeente.

Op die lughawe ontmoet deur Attie Delport, en Adam van Rensburg-hulle Eerste nag slaap by Swanie Swanepoel. Daarna met die DKW op na Ainabkoi en slaap by Hennie van Rensburg-hulle - lekker houthuis, vuur in die kaggel, en toe na Eldoret, in die gemeubileerde pastorie in.

Skatryk met 'n nuwe vrou en 'n eerste gemeente; brandarm met R20 (tien pond - 200 shillings), die dorp in. Junia Hajee reël vir 'n rekening, en ons begin om te lewe. Die ontvangs by Broederstroom was lekker. Die bevestiging deur ds Chris Murray was gewyd. Die eerste preek agter die rug.

Wat onthou ons nie alles nie !

Mense wat trek en trek en trek. Australië toe. Engeland toe. Rhodesia toe. Suid toe.

Mense wat gaan bly. Geen fout nie Suid-Afrika is ook maar op pad na Uhuru toe.

Ons posisie - alles vir almal geword om in ieder geval sommige te red. Dit was nie vir ons om te kies nie, maar om beskikbaar te wees. Ons was jonk maar gewillig. Ons het ingeleef in die mense se lief en leed, daar was trane en humor.

Ek onthou - Mieta se preek: jy ken die mense nie, ek ken hulle ! Toe, skryf die preek, dan preek ek dit, sê ek. En sy het die preek geskryf, maar ek het dit nie gepreek nie.

Oom Schalk: Jy weet nie wie is Sappe en Natte nie, ek weet, en toe het ek ook gehoor. En al die stories oor die ou dae, ook oor dominie Loubser. Die mense het naby mekaar gelewe. Hulle het alles van mekaar geweet. Hulle het vir mekaar omgegee. Ons het deel van die groot familie geword.

Daar was baie gery, en ek (nie Betsie nie, want sy het gou gevat, en naar geword !) het dit baie geniet.

Vier gemeentes - Eldoret, Thomsons Falls, Nairobi, Arusha. Dan die ver plekke - Kilembi Mines, die Kongo, Mombasa, Oldeani. Ons het die land deurkruis.

Die huisbesoek was lekker. So 'n wyk per week. En die saamry van ons vrouens ! Ek onthou, dis maar ver ry, en die baie koffie. En dan moet jy nie die kar se briek vinnig trap nie. "Pressure problems", sou tant Martha Nieuwenhuizen sê.

En daardie een troue waar ek vergeet het om die papiere op te plak by die magistraat ! Ons het maar stilgebly, hulle het eers gaan honeymoon hou, en toe agterna in die studeerkamer getrou.


Die trane - die skielike dood van Sakkie Steyn. Netnou nog met hom by die poskantoor gepraat, en ure later was hy dood. Dirk Coetzee hulle se mooi seuntjie in die blou pakkie-dood-wie sal dit vergeet?

Ook baie geleer wat die lewe vandag makliker maak. Dáár al geleer dat swartes en bruines gewone mense is, wat jy met die hand kan groet, en wat klerke en polisie en politici kan wees, en dit ook goed kan doen.

En daar is ons Piet ook gebore - in die pastorie op Sondagaand 30 Desember 1962. Carl Emslie gee sy nuwe Ford om die dokter op Plateau te gaan haal - maar ongelukkig is die garage se sleutel

Ons is daar weg op 10 Desember 1963, die dag voor Uhuru.

TANGANYIKA - by Carl Landgrebe.



RETURN TO TANGANYIKA.

4

Carl Landgrebe came to live in German East Africa in 1910, after a course on Tropical Agriculture in Witzenhausen. He started a Coffee Plantation at Lake Duluti on the southern slopes of Mt Meru. The Great War saw him defending the colony against the British Invasion from Kenya. The German forces, under the leadership of General von Lettow-Vorbeck, were forced to retreat from the Northern Province, but they were never defeated, until the armistice made them lay down their arms. Consequently the German settlers were expelled from the country and it was only 5 years later that they were allowed back. Among the first to arrive in Masti was Carl Landgrebe and his family.

We arrived at the Boma in Moshi to report to the District Officer. A young officer was sitting at a table and we lined up in front of him. My wife spoke in English: 'We are Germans and wish to apply for entry to Tanganyika'. The officer jumped to his feet and stared at us, then he took a quick turn and disappeared through the window. A quarter of an hour passed before he returned with the District Officer through the same passage. He informed us that Tanganyika was still closed to Germans, but that he would grant permission for a temporary stay and I had to report to the office daily. A few days later, 4th June 1925, the Ban on German Immigration was lifted.

Meanwhile I had made enquiries to purchase land. Our former property at Lake Duluti had been acquired by Leonidis for Sh 44000. Two years later he sold to Ulliet for Sh 162 000, the coffee price then standing at Sh 140 a bag unskinned beans. This prompted an American to buy from Ulliret at Sh 380 000, leaving him to manage the estate. This he did but not to the improvement of the place. I found it to be in a very poor state of upkeep, except for a new stone house, which had replaced our former humble dwelling. Not having the means to repurchase our own property, I also had to turn down an offer by the Greek, Filios, on the Kikafu-river, 60 ha at Sh 1000/ha. However I bought 1000 ha, at Engare Nairobi on the West-Kilimanjaro, for Sh 32 000 from Flemmer of the Standard Bank in Moshi, and a Norwegian, Aresen. This land had formerly belonged to Piet Nievenhuisen, who served as trekker for the German forces, and consequently received the same harsh treatment as the German settlers, his property being confiscated and later sold by auction.

One day we emerged from the Bushland, covering the lower slopes of Mt Kilimanjaro, and our eyes took in the view of the plains extending to the mountains in the distance: Longido and Errok. To our right the Kibo towered above the Shira-Ridge, and the escarpment to our left the pyramid of Mt Meru. The plains teeming with animals: Zebra, Gnu, Oryx, Thompson and Grant Gazelles. What a wonderful, peaceful glimpse we had of this land, which was to become our beloved home.

There we moved into the old "Hartebeest" House built by Piet Nievenhuisen. When the rains came we had to put up umbrellas for protection under the leaking roof and consequently a stone house was constructed to accommodate the family of 6. With the land we acquired a Boma with 6 oxen, two Karirondo herdsmen, two very good ploughs (a "Jumbo" and a "Kudoo") and an oxwaggon. This wagon was to render invaluable service, carting stones for the new building and bringing in the maize crop which I bought on the stalk. I believe, it was a lucky choice, but for the precarious water situation, which was to trouble us all the years. Work started immediately on the lay-out of a coffee-plantation with the help of very good Msukuma men who arrived with their headman who served us dutifully to his death. The head of work oxen were increased to 43, these I bought at an auction of Dongobesh near

Umbulu, the highest bid being Sh 55. I also bought goats at Sh 1/- each. These animals were herded to Engare Nairobi over a period of five nights. They travelled by night to evade the possibility of Tsetse bites during the day.

During the middle of 1924 the Engare Nairobi area was occupied by only a few neighbours. Across the South river was the primitive home of a British bachelor, Renton, who met us with severe hostility. He once threatened my wife with the "kiboko", but when he was ill with "Black Water Fever" my wife held nightwatch over his sickbed. But even before that it had become customary to send a warm lunch to the poor lonely man and also to see to his laundry. When I was taken into custody again at the beginning of World War II it was Mr Renton who openly shook my hand on the street in Moshi while shedding tears.

The land, later acquired by Dumas (who died tragically in his own farm dam and was buried on the bank of the Engare Nairobi where his grave is still to be seen), was occupied in 1924 by Fabich who was of Jugoslave nationality. He resented the wind that blew across the plains and later acquired a trading-store in Kenya where he was killed by the natives with a panga.

On the Engare Nairobi North was the farm of Visser. He and his sons helped us in many ways, ploughing the land or bringing in goods with their lorry. Above their farm was that of a Mrs Morris. She and her manager drank heavily. I once met them, coming from Moshi, dangling Whiskey-bottles out of the car window, apparently in high spirits! Her land was later occupied by Phelps and Webb.

Further to the mountain the Davidsons lived in a primitive house which was later occupied by Prinz von Isenburg, when he married their daughter Fiona. They then moved into a stone building on the Rongai-river, which formerly belonged to Kühn.

Further a field on the Sanya lived Roors Malan, formerly from Nduruma, whom we knew from before the Great War and who had ploughed our land at Lake Duluti. Occasionally we had to take a ride in his Ford Model T which he alone could master. He had to pull wires here and there to have the vehicle operatable, and if the occupants were not gripped by fear, they had the laugh of their lifetime. His neighbour was Abel Piennaar who acquired many German properties from the liquidator. By selling them at huge profits the big man could live many good years without doing any work. One could write books on his exploits. His brother wrote the unforgettable book "Uit Derwoud en Vlakte" under the pseudonyme "Sangiro". Kifufu was the domicile of British Police Officer Frankie Miller, further down lived the poor Greek, Markandonatus, who was in constant money trouble. When he was gaoled for not paying his debts his wife made an appearance at the local Police Station, accompanied by numerous children, and consequently secured his release.

At Abel Piennaar's place, "Pongo", lived two German-South Africans, Heins and Douglas Tripmaker, born in Welkom / O.F.S. They tried their hand at transporting goods and growing coffee. A temporary resident was the German writer Arthur Heye, who wrote a fascinating book with the title "Meruzauber" relating beautiful sketches of the East Farican Landscape.

Slowly the German Settlers returned. The former Schlebusch farm, above ours on the South Engare Nairobi, was occupied by Mr and Mrs Paul, two very corpulent people, who managed it for Von Leckow. For many years the large house had been unoccupied and the Thorn bush was growing right up to the doorsteps.

Abel Piennaar sold his property to Ernst Menge and his partner Thompson who later died in a motor accident in Usambara.

Further down on the Sanya, Enke made a home for his family. Paul Wolf, a veteran of the Boer War, also tried his luck at growing coffee in the same area. Originally he was known as the famous "Whiskey Wolf" but later, on the Lupa Goldfields he became "Bwana Chai". The brothers Blaich also settled at Sanya, and so did Otto Pruppel who was to start a Transport business. The following years, up to 1930, saw the arrival of Thiel, who became partner of Menge), Pinkert who bought from Enke, Kagler, Lutz and Föhner. Erhardt went into partnership with Tripmacker (and later committed suicide). The Bachmann's arrived and started growing tobacco, as did Paul, who moved here from Engare Nairobi. Maurer returned from an assignment in Kenya to settle at Sanya and was joined by his unsteady friend Schild, the brothers Walters also came and so did Schulz and Schuster.

Kranze returned and to his vacated former farm "Loibenitelajok" at the Salt Pans and tried his luck at planting tobacco on very limited soil. With his Masai-friends he competed in cattle-ranching.

In 1930 von Bülzingslöwen acquired the farm above ours. Eckman, a Swede, bought a huge piece of ground on the North river and started building a road through Bülzingslöwen's farm without his consent. A lot of infighting took place in the community amongst the members. Usually it was for water rights, but sometimes also in respect of trespassing and poaching. Eckmann planted Sisal, but when the planned railway line from Moshi was never constructed, he sold to Von Donner, who's son in law was Ulrich Trappe. The Trappe Family had returned from a sojourn in East London / S.A., Abel Pienaar having bought their old farm for them, and never returning their rights to Ngongongare. So they had taken refuge at Momella, Mrs Trappe to become a famed White Huntress.

When the old oxwagen broke down I dragged it to Oldonju Sambu where it was repaired by De Beer. In die Great War he had joined the German forces and I had met him, and his son, in Mahenge in 1917. We thus exchanged many old memories. His neighbour, van der Westhuizen, helped with the work. But how had the landscape not changed, the wooded surroundings, where it had been stationed during the first months of the war had been devastated by fire, the flow of water had dwindled and the farms on the lower slopes had been evacuated. This happened in 1928. *Herman Landgrebe.*

Amanda Ferreira 11 jarige dogter van Wilhelmina (Willie) Randall wil graag aan ander 11 jarige dogtertjies van Kenia gesinne skryf.

Mev Minnie Ferreira(Willie Randall) wil graag van oud van Riebeecker's hoor - Posbus 206, Melmoth 2835 Natal.

In sy magnum opus "The Times History of the War in South Africa, 'n kolossale werk wat ses lywige bande beslaan, skryf L.S. Amery, gewese minister van die Britse Kroon, die volgende onsterflike reëls (op bladsy 138. Deel I) as huldeblyk aan die Boere na aanleiding van die treurige begrafnis op 6 Januarie 1900 van kolonel Watson en negen-en-twintig van sy dapper manskappe by Colesberg: "The victors (i.e. the Boers) treated their wounded prisoners well, and were most sympathetic and courteous to the British burial party which went out on the following morning. They readily gave their help, and a pathetic scene took place at the open graveside. A grey-headed burgher asked leave to make an address (which was granted by Major North). In a rough, simple way he deprecated war and the sacrifice of human life, and prayed for the time when all men should live at peace with each other (i.e. one another). Then the assembled burghers sang a psalm. (All information in brackets supplied by DEKI).

Wat 'n pragtige huldeblyk waarop ons ganse nasie met reg trots kan wees! Die doel van hierdie skrywe vir mnr D. Steyn se jaarlikse omsendbrief is egter om vandag aan alle oud-Oos-Afrikaners die blye nuus te bring dat die ongenoemde grysaard wat Amery hierbo so lofwaardig huldig, later tot 'n gesiene baanbreker in Oos-Afrika uitgestyg het. Nou dring die vraag sigself vanself sprekend onmiddellik aan ons mense op: Maar wie was die geheimsinnige grafspreker? Die vermoede is dat Amery self die naam van die persoon nie te wete gekom het nie. Teen die tyd, enige jare later, dat die opspraakwekkende gegewens hom bereik het, was die unieke insident reeds ietwat legendaries gekleurd. Na dekades van navorsing weet ek vandag presies wie hy was, maar ek wil opsetlik nie op hierdie oomblik sy naam bekendstel nie. 'n Mens loop nie sommer 'n groot ding vooruit nie. Ek kon sy identiteit vir baie jare nie vasstel nie en voel oortuig dat u dit nou nog nie weet nie, behalwe as u onlangs, behorende tot my persoonlike navorsings-kringetjie, dit te wete mag gekom het. Geen Brit het sy naam waarskynlik ooit geken nie, behalwe majoor North wat die gebeurtenis later skriftelik gesertifiseer het, maar hy, sowel as die burgers wat die spreker by die graf aangehoor het, is almal jare gelede nie meer nie. Ek het Amery toevallig in die middel twintiger jare by Dagbreek te Stellenbosch ontmoet in geselskap van 'n mede student, wyle L.C. Steyn, later hoofregter van Suid-Afrika. Ek het Amery nie na sy "gryskop" uitgevra nie, want as groentjie was ek destyds nog nie eens bewus van sy groot werk nie, laat staan die naamlose grysaard. Toe ek ter see, van al die plekke op aarde, teen 14 Maart 1928 aan boord die Nederlandse boot, die Heemskerk, in die buurt van Dares-Salaam begin spoorsny het, tydens my ontmoeting met die later so bekende Pieter C. Joubert, gewese republikeinse volksraadslid vir Ermelo, Majuba-veteraan en leier van die Eerste Boere-Kommissie in Januarie van 1903 na Oos-Afrika, het ek 'n ware goudmyn ontdek. Hy was 'n fenomenale historiese feitekomper. Ek het later selfs verskeie werke oor hom gepubliseer, maar, helaas, van Amery se gryskop het hy hiegenaamd geen kennis gedra nie, altans so het hy gedink, tot die dag van sy dood in 1945. Genl. Wynand Malan, boesemvriend van Manie Maritz, Danie Theron en Gideon Scheepers, die beroemate van alle guerrillaleiers in Kaapland het ook geglo hy ken Amery se gehuldigde grysaard van geen kant af nie. Kaptein H.R. Lemmer, seun van die knap Lichtenburgse Genl Manie Lemmer, kon my ewemir iets vertel. En so kan ek voortgaan. Oos-Afrika het baie oud-stryders in sy verspreide gemeenskappe gehad uit die Eerste sowel as die Tweede Vryheidsoorlog, maar ek het vergeefs by hulle gaan kersopsteek. Ek het selfs my dapper en beminde oud stryder, met sy oorlogsportret in die hand, oom Piet Pretorius - my eie Carsparus Losper en

voorloper van Oom Kaspaas - geraadpleeg, maar selfs hy, met sy fenominale fantasie, was vir die eerstemaal in sy lewe geskaakmat. Hy't my getroos met: "Meestertjie, ek weet van alles maar van jou danige Amery-gryskop weet ek toetentaal niks al nie. Die Engelsman het jou sweerlik met 'n kluit in die riet op hol gejaag. Ek sê jou, los hom! Jy soek niemand as 'n klein naaldjie in 'n groot hooimied. Maar ek kan jou van honderde ander gryskoppe vertel" Foeitog, as my ou dierbare vriend tog maar gewees het dat hy meer as eens met hierdie eensame vreemdeling en bywoner op aarde" saam gebid het besef u nou werklik hoe geheimsinnig ons vriend was? "

Toe tref dit my soos 'n voorhamerhou tussen die oë: Amery se welmenende van mond-tot-mond informante moes hom onwetend mislei het. Ek bevind my dus op 'n dwaalspoor. Begryplik was dit geen grysaard nie. Dit het maar deel geword van die drama by die geopende graf. En teen ongeveer 1930 en later leef daar geen gryskop van 1900 meer nie of hulle was al kinds. Dan weer was grysaards van 1930 en later immers betreklike jong burgers in 1900, beslis toe nog geen eerwaarde gryses nie!

Nou maar 'n nuwe spoor soek! Hoe moeilik dit was, blyk uit die feit dat, tot vandag toe, geen historikus van naam hier te lande, sover my kennis strek, van Amery se skitterende sitaat gewees het nie, wat nog te sê daarop gaan navorsers en uitbrei het. Maar die hoop beskaam nie. Trouens, dwars oor die wêreld op elke terrein van menslike soeke besef navorsers, veral medici, dat hulle eindoor of feit of enige ander ding êrens as 'n absolute waarheid in die toekoms lê en wag om geopenbaar te word. Aanhouer wen. Ons weet ook dat wat sommige mense so maklik as geluk of blote toeval bestempel, tot suksesvolle ontdekking kan lei en die toeval wat tog nooit blote toeval is nie, was aan my kant. Die Voorsienigheid het die soekende mens met analitiese vermoëns bedeel en wanneer die praktiese hom in die steek laat, dolwe hy in die abstrakte of teoretiese. Ek het toe so begin redeneer dat as 'n mens, na aanleiding van 'n baie suiwer analise van Amery se belowend teks, jou kring deur die proses van iliminasië om al ons bekendste Oos-Afrikaanse baanbrekers al nouer en nouer gaan trek, jy per slot van rekening jou geheimsinnige persoonlikheid beoort te identifiseer. Skakel vereers uit wie hy nie kan wees nie. Sodra 'n mens gevolgtrekkings maak, lei dit tot gesogte leidrade en leidrade stuur op die regte man af as en wanneer die "geluk" saamspeel.

Om u in u soektog effens behulpsaam te wees en my eie speurwerk daar te laat, gaan ek 'n bietjie van my geheime verklap deur te verklaar dat onder meer hierdie oud-stryder daaglik onder ons gewandel het, maar niemand het, nie eens sy boesemvriende nie, hom as sodanig geëien nie. Soek na die geheimsinnigste man wat hom nooit as waarlike geheimsinnig laat opval het nie, en u is naby die kol. Ek mag u hierdie leidraad in die hand stop, want ek het myself reeds vrywel geinkrimineer deur te sê dat hy 'n oud-stryder asook 'n Oos-Afrikaanse baanbreker was, alhoewel nie in die engere sin van ossewatrekker nie. Wat meer is, ek het hom as gesiene mens getipeer. Daar stoort ek u alweer van die wal af in die sloot, want Oos-Afrika het 'n gewisse keurbende van gesiene en beminde baanbrekers opgelewer. U ken die dierbares almal.

Indien u worstel om die man vas te pen, moet ek bely dat, indien die liewe Heer nie vir my die pad oopgekap het nie, ek, ondanks my vermoede, histories geen bewyse kon aanvoer dat juis hy Amery se "gryskop" was nie. Ek kon hom net nie histories identifiseer nie, want, alhoewel hy bewus was van my navorsing van veral oud-stryders en my baie artikels in Kaapstad gelees het, was hy my nooit op hierdie besondere gebied behulpsaam nie.

As oud-stryder kon hy my immers onskatbare inligting verskaf het. Tog het hy verkies om soos 'n muis tjoepstil te sit. Vandag het ek goeie rede om te glo waarom hy sy Mauserdae so geheimsinnig verswyg het. Sy moeder, was in 1900 reeds oorlede, maar sy grootmoeder, vir wie hy innig lief was, het geweet dat hy in 1900 op Kommando was, en ook sy is met die geheim graf toe. Sy talryke broers en susters was volkome onbewus van sy deelname aan die oorlog. Ook maar goed so, want in hulle oë sou hy, as 'n rebel, onder die skaduwee van 'n gewisse doodvonnis beweeg het; 'n skrikwekkende gedagte tussen die verhuising van 1900 se baie hanskakies en town-guards in die ou Kaapland. Nadat hy van sy twee wapens ontnem is, het hy nooit weer 'n vuurwapen hanteer nie. Ten minste ek het hom nooit met 'n geweer in die hand gesien nie. Op jagsafaries was hy, anders as baie ander Oos-Afrikaners, volgens wat ek weet, selfs geen toeskouer nie. Die bekende grootwild-jagters, hoewel sy vriende, het hom nooit in hulle avonture genoem nie. By geleenthede het hy darem veral kinders vermaak deur van hulle noue ontkominge te vertel. 'n Gedugte wapendraer was hy, maar alleen vir Christus. Soos my vriend Rauch, het hy eens en vir altyd die Mauser vir die Bybel omgeruil, maar nooit daarin geroem nie. Vir hom was dit genade. Op 10 Oktober 1899 het hy die Queen afgesweer ten gunste van Kruger. Ook daaroor het hy nooit gepraat nie. Dit net aangeteken. Hy was oor sy eie persoon beskeie en in seker opsigte onnodig geheimsinnig. So mog vriende sy verjaardag onthou, maar beslis van sy ouderdom vergeet. Toe hy met die aanvang van Wêreldoorlog Twee in Genl. Smuts se verbode see gaan swem het, is hy gearresteer. Onder eed moes hy aan Kaapstad se magistraat verklaar dat hy 71 jaar oud was. Die feit dat die staat hom gegryp het, het hom dadelik onder sy tienduiseende kennisse beroemd gemaak, maar ons, sy "nabye" vriende, het nie gewaag om 'n woord te rep van sy ouderdom nie: sy vroomheid en godsvrug was openbare kennis maar dinge soos sy kinderlike geloof, menslike geringheid, hartverskeurende smeekgebode en eensame vreemdelingskap as kneg van die Almagtige verskyn. Alleen in sy dagboek wat niemand in sy lewe ter insae gead het nie. In die verborgenheid van sy geslote binnekamer was hy die worstelende nietige. Daarbuite was hy die Moses-figuur soos 'n Angelo hom sou uitkap in grou graniet - oorheersend-sterk, inspirerend-moedig, immer slaggereed en vreesloos, 'n man wat vir geen duivel of mens onder sy Gods vaandel sou wyk nie. Soos profeet-siener Jacop was hy 'n kneg, 'n vreemdeling en 'n bywoner op Gods aarde - totdat Silo kom! Uit Amery se relaas styg hy as mens en vegtende burger uit soos 'n onwrikbare ankerpaal bo stormagtige waters. Hy is 'n hardnekkige, spontane, dapper-voortvarende individualis met 'n eie roepingsplig en leierskapdeugde. Hy verteenwoordig nie vir Genl. Schoeman nie. Hy is nie gestuur nie. Hy het vrywillig gekom. Hy het burgers na aan hom besiel om hulle stellings te verlaat en oor te stap na die gehate vyand van die dag tevore ten einde onder die witvlag die stille dodes te vereer met hulle verrassende teenwoordigheid en innige deelneming te midde van die reuk van gister se kruitdampe en die weersydse hartsverwonding van die aaklige menseslagting in 'n barbaarse stryd wat mense oorlog noem. Dit alles geskied om 'n gapende massagraf wat in die bitterheid van oorlogshaat en smaadlike neerlaag luid om wraak geroep het. Toe kolonel Watson en sy gesneuweldes, na die Boere "grysaard" se sin, gans te formeel, so reg uit die pragmatiese gebedeboek begrawe is, was die, vir hom, so beheersde ter aardbestelling eens te veel en vra hy impulsief as vrome Christen verlof om 'n spreekbeurt. Majoor North staan die vreemde versoek toe. Die imponerende gestalte en stem van die spreker boei Boer en Brit onmiddellik. Op staande voet onderskei hy homself van die gewone burger deur die gesneuwelde Britte met woord en daad, soos

dit hoort, 'n "ordentlike", Christelike, Boerebegrafnis te orden. Alles geskied in foutlose Engels. Hoe langer sy forse, welluidende stem die droewige toneel oorheers, hoe kragtiger boei hy vriend en vyand, Boer en Brit. Sy besielende woorde ontwapen almal met sy indringende godsboodskap. Hoe dramatiese roerend sy grafrede moes gewees het, lê oop en bloot in Ameryse verwysing na 'n "pathetic scene". Onverskrokke en reguit soos 'n Mauserkoeël, regop die man af, sonder om doekies om te draai, sonder aansien van Boer of Brit "he deprecated war and the sacrifice of human life". Soos hy by elke geleentheid in genl. Schoeman se laer of in eensame gebed agter die naaste klip of bossie God om vrede en oorwinning gesmeek het, so strek hy sy hande oor die gesneuweldes uit "and prayed for the time when all men should live at peace". As gevorderde Bybelkenner het hy geweet om 'n gepaste gedeelte uit die Engelse Bybel te lees. En toe volg die pragtige slottoneel. Om dit na waarde te beoordeel, moet ek eers sê dat ons man lief was vir musiek en sang. Sy geëfende, kragtige, welluidende tenoor stem het gewoonlik tydens gemeente sang verhoor alle ander klanke uitgestyf en dit was altyd vir almal 'n groot bekoring. Sy siel het in sy sang geleef. Ek het menigmaal onopsigtelik geswyg om na sy talentvolle stem te luister so vir 'n oomblik as sy gesig gestraal het weens die verruklike woorde van sy geliefde gesang of psalm. Hy het die woorde altyd ernstig betrag wat hy gesing het maar om te vervat.

Die moordende geveg van die nag tevore, die gekerm van gewondes, die oorlogsgeskreeu van die bajonetstormlopers in die donker (en wat van die ewige siele?) moes 'n ontsettende indruk op sy gelowige gemoed ingeskerp het, en nou hier die dertig gesneuweldes omring van hulle verslae en treurende kamerade, moes hom tot, so 'n emosionele hoogte gevoer het, dat hy in sy eie roerende sang en die van sy medeburgers verlossing gevind het. Die Britte het die bewoording van Feith se gedig "Rust, myn ziel u God is Koning" natuurlik nie verstaan nie, maar die geheiligde ontroering in die harte en stemme van die vreemde koortjie is intuitief aan gevoel. Ek kan vir geen oomblik dink dat ons geloofsheld op die grens van die groot skeiding 'n toepasliker en aangrypender lied kon laat sing het as "Rus, my siel" nie. Hy het paslik voorgesing en die burgers het diep beïndruk, onvergeetlike koorsang gelewer binne skreiende tragiek van die oomblik. Die pragtige melodie saam met die gepaste, slepende Boere-adagio van 'n verdwene geslag se gewyde, tradisionele grafgesang cirka 1900 het geharde Britse soldate tot tranen beweeg. Die graf, hier laag benede, is in die gees tot 'n hoë altaar, daarbo, geheilig? Net hy, die bogenadigde, kon soiets vermag. Die begrafnis het onmiddellik groot opspraak verwek. Soos 'n veldbrand is die gebeure van mond tot mond versprei, selfs tot in die tente van die hoogste generaals. Teen die tyd, jare later, dat dit Amery bereik het, was die onvergeetlike gebeurtenis reeds legendaries gekleur. Amery het die Nederlandse gedig terstond tot die hoë status van 'n psalm verhef en die 29-jarige grafspreker - dit kon mos nooit anders nie - met die eerbiedwaardige wysheid van die grysheid bekroon, seker om nog groter eerbied af te dwing.

Hoe dit sy, Boer en Brit het by daardie onvergeetlike, geopende massagraf besef dat die impulsiewe Boer wat so onvoorbereid en op staande voet almal daar (en duisende later) begeestig het met die een groot gedagte dat hy God bo alles liefhet, sy naaste soos homself en die groot genade ontvang het om, sonder te veins, sy vyand lief te hê en wat meer is opreg vir hom te bid in sy eie taal en op 'n manier wat direk na die Kruisgebed heengewys het. Voorts het hy vir die dierbares van Watson en sy makkers gebed

om vertroosting en ook vir die Boere. Genl. Piet Joubert se telegram van deelname aan die bedroefde lord Roberts met die dood op die slagveld van sy seun het nie soveel opskudding veroorsaak as hierdie Boerebegrafenis van Britse gesneuweldes nie, altans ek vermoed so. Heelwat van my feite sal u op die vergeelde bladsye van ons oud-stryder se dagboek vind. Hom na wie u so naastiglik soek. Ook hierdie skone brokkie geskiedenis leef voort. Weet u nou van wie ek praat? Het ek die kring eng genoeg getrek, sodat u, hom kan identifiseer? Natuurlik, dis hy! Dit kan niemand anders wees nie! Dis ons geliefde en gevierde ou kerkvader, ds M.P. Loubser. Ad majorem Dei gloriam!

DEKI

IN MEMORIAM

We have had news of the following:-

Senior Supretendent Jack Irwin, passed away in Kenya March 1983. He was educated at the Nairobi Primary School, and the Prince of Wales school, he died in Mombasa whilst on holiday, from a heart attack.

Dr Charles Tredway, passed away in Swaziland after a long illness, he will be remembered from the King George VI Hospital and from Eldoret Hospital, he is survived by his wife and three children.

Mrs Betty Figenschou, passed away in Norway on the 19th October 1982 after a long illness, she was the daughter of Mrs Anna Ulyate and the late Mr Eddie Ulyate, formerly of Gilgil and Ol'Kalou.

Col. Jim Cummins, passed away in England on the 29th May 1983, he will be remembered as the Sgt. Major of the Kenya Defence Force when it started, he is survived by his wife Emily, and daughter Sheila.

Mr Gert Klopper, passed away in Natal, he was married to Tina Joubert, formerly of Ol'Kalou.

Mrs Martha Steenkamp passed away.

Mr Andries Prinsloo passed away.

Marteens Klopper, passed away on the 10th July, at the age of 60 years, he worked for the Customs Department in Mombasa, he had four sisters, Maria, Anna, Johanna, Naki, they lived at Mbagathi near to where the Nairobi Airport is now.

Dom Ali Luies, passed away on the 8th August at the age of 87 years in Belfast, he is the last surviving brother of the Luies Family, there is only one sister left, Aunt Lisa Botha (Kempton Park) his two Nephews died a month before him, Peet, and Danie Luies, Dom Ali will be remember for catching Leopards and Cheetas, with his bare hands. He was not afraid of anything, he played the Consertina, he farmed at Ol'kalou.

Petrus Luies. Died 4th July 1983, Son of Tant Johanna Luies and the Late Dom Jannie Luies, formerly of Machakos (Kenya).

Danie Luies, passed away on the 10th July 1983. Son of the Late Dom Daan and Aunt Girlie Luies, formerly of Nairobi, Kenya.

Mev S.E. Randall - Mei - (te Springs)

Mnr G. Kloppers - Mei - (te Empangeni)

HEIMWEE.

Met die water wat verby is,
Sal jou meule nooit weer maal
Uit die assies van jou vuurherd
Sal jy nooit een kool weer haal.

Touch the earth, love the earth, honour the earth,
Her plains, her vallies, her hills, and her seas.
Rest your soul spirit in her solitary places.
Oh Lord of the far horizons,
Give us the eyes to see, over the verge of the sundown,
The beauty that was.

Oh Lord I thank you for the privilege, and gift
Of having lived in a world filled with beauty
Variety and excitement.

Agter jou verrys ou berg Kenia, met sy ewigdurende
sneeu en ys op sy hoogste pieke, half toegetrek onder
u wolke kombers, geheimsinnig en pragtig.
Voor jou na die weste strek die Nawasha meer.
Die dag breek vanuit die ooste, met ongekenende en
onbeskryflike kleure prag, en nou rys die berg massas
hoog op teen u streep gloeiende rooi daaragter.
Die waters van die meer lê nog stil en speelglad,
en soos die eerste lig van u nuwe dag daaroor uitsprei
kan jy klein karteltjies van wasem sien opslaen, wat
jou laat dink, dat 'n wit dons kombers daaroor neer gelaat is.
Die lug wat jy inasem ruik vars, na dou, en baie ander
dinge, skoon geurig en vol lewe, soos die veld na die
eerste reëns.

Jy ruik die wilde blomme wat om jou groei en
Rondom jou is die môre nog jonk.
Die heele skepping ontwaak in skoonheid en
vreemde geluide. Hier, en daar, en orals, begin die
voëls te sing in dankbaarheid vir hulle skepper.
Misbanke strek laag oor die aarde en plek, plek
reik dit met din arms, hoog op tot tussen die
kranse, en kloue en oerwoud van die skeur vallei.
Dit lyk soos fyn linne of deur deurskynende weefstof.
Vlakte, water, berge en oerwoud sluit saam om een heelal
te vorm, mooi skoon, rein en intrem, nog on,
aangeraak deur mense hande, kyk nou daarna
terwyl dit nog so is.

Geniet die prag van veld blomme, vol duisende dou
druppeltjies, spinnerakke aan die bome lyk of dit met
diamante versier is.

Om jou is die veld, blomme en bome, diere voëls,
goggatjies, en water alles ingedeel in een groot harmonie.
volmaak in stand gehou deur die skepper daarvan se hand,
wat dit gevorm het, onoortreflik deur enige menslike vernuf.
Vanuit die duistere oertyd tot nou toe, was dit so bedoel, en
jy voel klein by die aanshouing daarvan.
Jy dink hoe lank sal dit nog so wees, voor mense hande,
dit besoedel, dog vermôre is dit nog jou eie om te geniet
hier in jou geboorteland "Ou Kenia" onoortreflik deur enige ander.
Vêr voor lê die winde van verandering wat sou kom.
Nou is dit 'n sagte windjie wat sy ewige lied deur die blare
speel, maar weldra gaan dit stormsterkte bereik,
wat oor ons koppe gaan woed, en dreig om ons te verswelg.

WIE WAS HULLE - WAAR VANDAAN - WAARHEEN.

Oor die Suidelike kant van die Chipcheranganie kom dit. Bedek en weg gestee onder reuse geelhout en sederbome, sommige van 500 tot 600 jaar oud, op plekke met plat klippe uitgelê. Hoeveel weet daarvan? Wie buiten 'n paar bevoorregtes het dit gesien? Net by toeval en as mens baie opletterend is, word mens skielik daarvan bewus dat jy loop op 'n ou ou pad. Dan raak dit weg, en sien mens dit weer naby Timbaroa, diep uit getrap en uitgespoel. Is dit dieselfde pad? Moontlik. Op die Uasin Gishu (Masai naam, "See van Beeste") sou mens dit nie merk nie, want die ou was paaie het so gou toegegroei en weggeraak, dat 'n mens nie eers meer van hulle bewus was nie.

Het hierdie pad van die Noorde gekom? Indien ja, waar het hulle die Skeur Vallei op gekom? Of het hulle van die Suide gekom tot op die Cherangani berge en is toe deur die afgrond van die Skeurvallei gestuit. "Sidjui, Nani na Jua?". Dit is al wat 'n mens by die swartes kon uitvind. Die vraag is, wie was hierdie mense, en waarheen was hulle op pad? Maar weer "Sidjui".

Wat was die doel? Slawe handel? Baie onwaarskynlik. Maar dat hierdie pad baie lank gebruik is, is seker. Miskien deur perde, kamele en waens, omdat dit so diep uitgetrap en gespoel is by Timbaroa en met klip oor die Chipcheranganiberge uitgelê is. Was dit vir goud, en waarvandaan? "Nani na Jua"? Vergeet in die waas van die mistieke verlede. Nou laat ons die ou pad om sy eie raaisel op te klaar. "Lapta"! Die bekende Masaigate op die Plateau, is 'n ewe groot raaisel. Of hulle deur die nasie wat die pad gemaak het bewoon was weet ons nie, maar dis baie onwaarskynlik. Die naam Masai Gat het seker ontstaan omdat daar by die Sergoitmeer so 'n klompie Masai agter gebly het, na hulle stam so 80 to 100 jaar voor die koms van die wit mense van die Uasin Gishu af weg is.

Gerald Hosking, "Chief Native Commissioner", het heelwat navorsing gedoen en ek het baie met hom hieroor gepraat. Hierdie gate het van Elgon tot by die Verbrandebos voorgekom. Meeste was naby die Sergoit meer, die koppie om Eldoret, Patatadraai, Dopperlaagte, en die Elands Koppies, wat met hulle drie bakens op die landkaart van Kenia aangeteken is as, Schalk, Anaak en Eddie. Dan ook vanaf die Elgeyo Grens deur die bosse tot by Hajis Drif en Plateau Stasie.

Hierdie ou nasie was nie bang om met klip te werk nie, en het die kuns goed verstaan om die harde blou ysterklip te breek soos hulle dit so wou hê. Op baie plekke het mens nog die ongebruikte klip aangetref, netjies in lang stukke gebreek van tot agt voet lank en so twee voet breed. Die mees waarskynlike metode sou gewees het om vuur op die klipplate te maak en as hulle warm was dan nat te gooi om sodoende die klip mooi te kraak, 'n metode wat ek dikwels self van gebruik gemaak het. Hulle het blykbaar nie hamers of bytels gebruik nie daar mens geen merke kon sien nie, maar dan kon hierdie merke deur die eeue verweer het. Hierdie ou murasies is tot 1,000 jaar oud, want in hulle het daar selfs geelhout- en sederbome, na skatting tot 600 jaar oud, gestaan.

Met hierdie klippe het hulle ronde hutte of rondavels gebou, so vyftien voet in deursnee, met 'n ander muur buite om wat 'n nou gang van so drie voet om die binnegebou gevorm het. Die ingange van die gang en die binneste vertrek was nooit regoor mekaar nie, en was die gang by die ingang aan die een kant toe sodat 'n mens net regs om kon beweeg. Dit was om te verhoed dat enige indringer maklik sy wapens met die regterhand kon hanteer. Dan was daar 'n gaatjie in die binneste muur waar daar 'n stok deur gestee is sodat enige indringer daarteen moes stamp en die inwoner wakker maak wat altyd sy bed of slaapplek naby die gaatjie gehad het. Dan het hulle

in baie gevalle gange van een woning na die ander gehad. Baie van hierdie ou geboue was baie goed bewaar maar diep in die grond toegesak. Ditskyn of hierdie geboue 'n plat dak van hout, modder en klip gehad het. Van die beeste, skape en bokke is ook in sommige van hierdie geboue gejaag om hulle snags teen roofdiere te beskerm. So het die sogenaamde Masai Gate ontstaan. Die mis is uitgeskrop en rondom op hope gegooi. Met die tyd het die mis en modder se verwydering die vloer al hoe dieper laat sak en die mure seker ook, daarom dat die mure meestal amper onder die grond was. Hierdie mense moes baie lank op een plek gebly het omdat die mis wat aan die brand gesteek is soms ashope van so 7 voet diep agtergelaat het.

Ook het hulle plekke van aanbidding gehad, of so wil dit voorkom. Op klipbanke is lang plat klippe van ses tot agt voet lank in 'n sirkel van so dertig voet deursnee gemonteer met 'n spasie van so vier voet tussen die klippe. Baie soos "Stonehenge" in Engeland. Ek weet van drie sulke plekke, een op my ou plaas, een op Eddie de Waal se ou plaas en die ander een by Johannes du Toit, op oom Koos Prinsloo se ou plaas. Hoe en wat hulle aanbid het weet ons nie, maar Eddie de Waal het my vertel dat hy eendag te perd gery het en 'n oorbie bokkie in die een op sy plaas gesien het, wat al in die ronte geloop het asof dit onder hipnose was. Eers toe hy afklim en by die bok om, het dit geskrik, reg gekom en uit gespring.

Dan was daar in die Elgeyo bosaan die Noorde kant van die rivier klippe opgestapel in piramiedvorm, so vyf voet hoog. Waarvoor? "Sidjui" Wie hierdie mense was kon 'n mens nie uit vind nie, alhoewel sommige mense beweer het dat hulle Serikwas was, waarvan nog so 'n klein klompie by die Victoriameer bly. Maar dit is uiters onwaarskynlik, want die naaste wat 'n Serikwa aan 'n klip sal kom is as hy een optel om 'n haas te gooi.

So sê ons dan maar weer "Sidjui, Nani na Jua? en saam met die Engelse digter: "I saw a vision in my sleep, that gave my spirit strength to sweep down the gulf of time", word ons in die gees gevoer na die jaar 2050. Saam met Rotich Arab Bassossio, die agter, agter, agter, agter kleinseun van Rotich wat saam met my vir 54 jaar op "Concordia" wassit ons op Sergoit Kop.

By ons is sy kleinseuns, Chepkiyen, Chepkerich en Toroitich. Ons luister na hulle gesprek.

"Oupa, wie was die kaboerjots wat Oupa grootjie van praat?"

"Nee, my kinders, Oupa weet nie, maar een van ons voorouers het hier op Sergoit gesit en gesien hoe hulle met waens en osse aankom". "Was hulle "Laibons" (toordokters) Oupa?"

"Nee my kind maar hulle het baie goeie dawa gehad, ja ook vir Maandag siekte". "Wat is dit Oupa?" "Nee my kind dit was Wanneer die mense te veel "majek" (bier) gedrink het". "Oupa watter dawa het die kaboerjots dan gebruik". "Nee dan het hulle die kiboko (sambok) gebruik". "Ochei Oupa".

"Het hulle ons iets geleer Oupa?" "Ja my kinders, baie, maar ons mense het gou vergeet. Ons onthou nog net van Mungu wat Hemel en Aarde gemaak het, en nog onderhou, en soos ons julle vandag nog leer." "Maar Oupa waarom is hulle weg; was hulle bang vir ons mense?" "Nee, kinders, hulle en ons mense het goed klaar gekom en baie het gehuil toe hulle weg gaan. Maar hulle is oor die "shatanis" (duiwels) eg." "Shatanis' Oupa?" "Ja, my kinders. Wag laat ek dink. Ja, een se naam was Bruce, die een Michael, maar die grote was MacMillan. Hom het die mense "Upepu Mingi" genoem, dit is die man met die baie winde. Hy het op 'n

plekkie met die naam van Great Britain gebly." "Waar is dit Oupa?" "Nee, kinders, ek weet nie, maar hulle noem dit nou sommer Greater Jamaica. Hierdie kaboers was orals van daardie groot berg Masaba (Elgon) tot by daardie drie koppietjies wat julle daar sien, Kapsabet, Kapjet en Kapton".

"Maar kyk Oupa daar is 'n bynes in daardie klipskeur onder die ou vye boom". "Ja, my kinders, hierdie bynes was hier lank, lank voor die kaboerjots gekom het. Kom ons gaan kyk. Ja hierwas altyd 'n lang stok wat ons mense in gesteeke het en dan die heuning af gelek het. Die kaboers het dit weggeneem. Maar wag, hier is 'n naam uit gesny, laat ek sien. Dit lyk na D.v.R. 1911 (Dirk van Reenen)".

"Oupa, wat het hulle hier kom doen?" "Nee my kind ek weet nie, maar hulle het al ons oorbies en hartbeeste opgevrete. Maar kom ons gaan kyk waar hulle gebly en begrawe is. Ja kyk, hier is twee grafte, dit lyk na Robinson, en hier Mouton, en hier, wag laat ek lees, Vaalhans Roets, Bwana tumbu, hier is Wheeler en Engelbrecht, hier is Jan van Rensburg. Hulle sê hy was van die eerste mense wat hier gekom het. Nou gaan ons verder. Hier is Bwana Rupia, Harry van Ryneveld, en hier Uys en Smit en hier is Meilel, Oom Albert Steyn, die kruppele. Verder, hier is Madden, en kyk nog 'n paar klippe van sy huis. Hier lê Tom Davies, Mafoepie en sy vrou, en lyk my soos T. Botha, ja die een met die lang baard. Hier is Cloetes, hulle het glo rooi beeste met lang horings gehad. Ons gaan aan, ja hier is Prinsloo, die pa van Bwana Verdorp. Hier is sommer baie, laat ek kyk. Jan le Roux, Boshoff, Woodley, Kleynhans, Dry, Erasmus en hierdie, J..j..j.. Jan B..b..b.. Barnard, J..j..ja w. wragtig. En hier is Bwana Bokkie van Maltitz. Ja Bwana Flip het altyd gesê Oom Vaatjie Pens Bok. Ja, Visagie en hier A. Joubert, Hulle sê hy het baie oud geword. Hier is B. von Breda, Ons mense het hom vermoor. Hy het in Nineteen Oh Tree hier gekom. Hier is De Waal, Theunissen, McCoy en baie wat ek nie kan lees nie".

"Maar kom dit word donker en ons moet huistoe gaan, gou gou." "Oupa, wat huil en skreeu so naar?" "Sh, Sh, my kinders, kom in, maak toe die deur." "Is dit die 'Chesawiel' (spoke) van die Kaboerjots?" "Nee my kind". "Wat dan Oupa?" "Suutjies, my kinders, dit is die 'Keriet of Chemosiëet', (Nandi Beer)." "Waarom huil hy so?" "My kind seker oor al sy bosse wat ons mense afgekap het". "Ochei, Orgitiet, Oupa".

Maar nou skuiwe die toneel drie duisend myl Suid en is dit so ongeveer die jaar 2040 en ons luister na twee kinders wat met hulle komper karrietjies speel en met hulle Ouma onder die bome by die Fonteinedal in Pretoria sit. Ons luister wat hulle gesels.

"Ouma, wie was die 'When We's"? Een van die Kinders by die skool sê sy is nog van hulle mense." "Ag my kinders dit was sommer mense wat van die Noorde af gekom het". "Was hulle slegte mense Ouma?" "Nee my kind hulle was glo goeie mense, elkeen met sy eie humorsin wat ons mense nie verstaan het nie". "Wat het hulle gedoen Ouma?" "Nee ek weet nie my kind, maar hulle het glo elke jaar by die fontein by mekaar gekom. Daar het hulle mekaar gesoen, baie gepraat en gelag en soms gehuil. Ook in vreemde tale gepraat. Ag ja en dan het van hulle soms so 'n bietjie teveel gedrink. Foeitog!"

"Waar is hulle nou Ouma?" "Nee, my kind, seker maar verswelg hier in die wildernis van Suidelike Afrika. "Hau"!"

"Kwenda Mizuti,

Saisere Mising".

Sonnie

Briewe wat terug gekom het. - Kan iemand help om hulle op te spoor.

1. Mnr A.J. Arnoldi Jnr, Posbus 162, Die Wilgers, PRETORIA, 0081
2. Mev I. Badenhorst, Buchanaweg 4, Valhalla, Pretoria, 0137
3. Mnr J.N. Botha, Monumentlaan 190, Verwardburg, 0140.
4. Mnr B.U. Britz, Pk. Sinksabrug, 6535
5. Mnr J.M. Daniel, Bukstonelaan 53, Norsedale, Nigel, 1490.
6. Mnr and Mev G.J. de Beer PK. RUST DE WINTER, 0406
7. Mnr T.P. de Bruin, Posbus 596, Standerton, 2430
8. Mrs Des Döman, P.O. Box 50, Uchab, S.W.A. 9195
9. Mnr J.A. du Toit, Posbus 383, Viljoenskroon, 9520
10. Mnr P.J. Eksteen, Topaasstraat 121, Waverley, Pretoria, 0186.
11. Mev F.G. Emslie, Posbus 98, Letsitele, 0885.
12. Mnr Z. Enslin, Wasekklip, Posbus 615, Harri Smith, 9880.
13. Mnr. and Mev. W.J. Erasmus, Posbus 159, Bronkhorstspuit, 1020.
14. Mev J. Eustace, Posbus 54, Brakpan, 1540.
15. Mnr D. Kleynhans, Vermeulenstraat 114, Pretoria, 0002.
16. Mnr H.S. Kotze, Visagie Court 30, Visagiestraat 379, Pretoria, 0002.
17. Mev A. Kruger, Posbus 49, Barberton, 2765.
18. Mnr & Mev M. Louw, High Ridgeweg 191, Durban Noord, 4051
19. Mnr & Mev J.J. Malan, Posbus 58008, Newville, 2114.
20. Mev S. Malan, Posbus 454, Pretoria, 0001
21. Mnr Meintjes, Posbus 6226, Johannesburg, 2000.
22. Mnr Murray, Hotel Mimosa, Posbus 61, Eloff, 2211
23. Mnr D.J. Nel, Ooievaarsstraat 63, Pretoria, 0002.
24. Mr E. Isaacs, 82 Radio City, Tulbagh Square, Cape Town, 8001
25. Mnr G.J. Roets, Topaasstraat 125, Vaverley, Pretoria, 0186.
26. Mnr M.M. Smith, Rus 'n Wyl 894, Rietfontein, Pretoria, 0002.
27. Mnr Tjaart Snyman, Posbus 363, Rustenburg, 0300.
28. Mnr R. Stewart-Wynne Espanawoonstel 303, Prinsloostraat, Pretoria, 0002.
29. Mnr & Mev J.A. van der Westhuizen, Poskantoorweg 1, Modderfontein, 1645
30. Mnr J.J. van der Westhuizen, P/a Bull Brand Foods, Posbus 241, Krugersdorp, 1750
31. Mnr & Mev F.S. van Dyk, Posbus 176, Marblehall, 0450
32. Mnr G.G. van Dyk, Posbus 19, Marblehall, 0450
33. Mnr J.A. van Dyk, Posbus 6096, Birchleigh, 1621.
34. Mnr J.B. van Dyk, Posbus 212, Witbank, 1035
35. Mnr J.J. van Dyk, Breyerlaan 140, Waverley, Pretoria, 0002.
36. Mnr & Mev P. van Dyk, Breyerlaan 140, Waverley, Pretoria. 0186.
37. Mnr P.W.J. Van Rensburg, Kerkenbergstraat 14, Eastville, Springs, 1560
38. Mnr and Mrs Venter, Huis Vergenoeg, 33ste Laan 830, Villieria, 0186.
39. Mr Von Landsberg & Families, Posbus 251, Groblersdal, 0470
40. Mev H. von Landsberg, Mullerstraat 13, Groblersdal, 0470.